

18 *Vrydag*

SKRIFGEDEELTE: NEHEMIA 9:1-5, 38; 10:9 (NAV)

FOKUSGEDEELTE: NEHEMIA 9:4-5

Sebanja – Die erediens as deel van die erediens van die lewe

Sebanja se naam beteken “die Here gee voorspoed” of “die Here het jeugdig gemaak”. Sebanja, ’n Leviet, neem saam met sy mede-Leviëte aan die erediens deel. In die boek Nehemia speel die erediens ’n baie belangrike rol en sien ’n mens baie van die elemente van die erediens wat ons vandag nog in ons eredienste in stand hou, soos: lofprysing, verootmoediging (gebed) en die lees en die bediening van die Woord.

Nadat die volk uit die ballingskap teruggekeer het, en daar ooreenkomste tussen die volk en die Persiese konings oor die herbou van Jerusalem aangegaan is, herverbind die volk hulleself ook aan die wet van die Here en die verbond, deur ’n dokument te onderteken (vs 38). Sebanja was deel van die groep Leviëte wat hierdie dokument onderteken het. Sebanja se deelname aan hierdie dokument wys dat sy hart op die Here gerig is – erediens begin tog by toewyding: toewyding aan die Here en sy Woord.

Nadat die Leviëte hulle voor die Here in gebed verootmoedig het (dit beteken hulle het hulle eie sonde en die sonde van die volk bely en daarvoor om vergifnis gevra), word die volk opgeroep om die Here te loof en te prys. Ons sien hier: as die gelowige na die Woord van die Here luister en dit hoor, kom hy tot opregte verootmoediging voor die Here.

Wanneer die Here se versoening in Jesus Christus aan ’n mens bedien word nadat jy jou sonde bely het, kan jy nie anders as om die Here te loof en te prys nie. Die erediens, wat ’n ontmoeting met die Here is, roep elke gelowige op om (net soos Sebanja en sy mede-Leviëte en die priesters) ’n lewe van eer aan die Here te lewe.

Sing: Psalm 2:6 (1936)

Ds. AH (Abel) Steyn (Lydenburg)